

Maak seker jy bly by die Woord van God en doen wat Hy sê.

2017-10-23

Kan jy die patroon van hoe die Here met hulle en dan nou met ons werk onderskei!

“Novum Testamentum in Vetere latet, Vetus in Novo patet”

The New Testament in the Old lies concealed

The Old in the New is revealed

Om Jesus op 'n ander manier te soek of in verhouding met Hom te probeer staan as wat die Skrif duidelik stel deur die werking van die Heilige Gees in gehoorsaamheid aan God is moeilikheid soek! Moet niks wegvat of byvoeg nie anders sal jy die konsekwensies dra!

Exodus 20:1 Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: (10 Gebooie!)

Die klousule van byvoeg en weglaat korreleer in Deut. en Openbaring!

Deut. 4:2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, **niks byvoeg** nie, en julle mag daar niks van **weglaat** nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

Doen wat Hy sê!

Deut. 8:11 Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie;

Hy gee jou alles dan vergeet jy Hom! Gevolge omdat jy nie na Sy stem luister nie!

Deut. 8:18 Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is.

Deut. 8:19 Maar as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom;

Deut. 8:20 soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die Here julle God nie geluister het nie.

Deut. 12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar **niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.**

Jos 1:7 Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.

Jos 1:8 Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

Jos 1:9 Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan.

Eiesinnigheid is Afgodery!

1 Samuel 15:23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en **eiesinnigheid is afgodery en beelddiens**. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

Toets alles aan die Woord!

Job 12:11 Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte spys proe nie?

Job 34:3 Want die oor toets woorde soos die verhemelte die spys proe.

Kyk na die ou goeie paaie wat geloop is as voorbeeld van hoe jy moet loop!

Jer. 6:16 So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.

Hulle vergeet Hom! Loop ander paaie!

Jer. 18:15 Nogtans het my volk My vergeet, hulle laat rook opgaan vir die nietige afgode; dié het hulle laat struikel op al hul weë, op die ou paaie, om te loop op sypaaie, 'n ongemaakte pad;

Die Fontein van Lewende Water is verlaat en jul eie gebarste reënbakke is uitgeknap!

Jer 2:13 Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te knap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.

Jer 2:19 Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die HERE jou God verlaat het, en dat my vrees nie by jou is nie, spreek die Here, die HERE van die leërskaar.

Die lamp vir ons voet en die lig vir ons pad!

Ps 119:105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Spreuke 30:5 Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil.

Spreuke 30:6 Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.

Prediker 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooe; want dit geld vir alle mense.

Prediker 12:14 Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.

Jesus haal uit Jesaja aan in die Nuwe Testament.

Luk. 4:17 En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:

Luk. 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees;

Luk. 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Luk. 4:20 En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig.

Luk. 4:21 Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.

Soos vir die Here so ook vir ons. Jou eie mense sal jou nie eer nie!

Luk. 4:24 En Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, geen profeet is aangenaam in sy vaderland nie.

Die Woord is die Swaard van die Gees!

Efesiërs 6:17 En neem aan die helm van verlossing en **die swaard van die Gees—dit is die woord van God**

Hou aan met voorlesing, vermaning en lering! Let op die leer!

1 Tim 4:13 Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

1 Tim 4:16 Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.

Moenie dat die krag van die dwaling oor jou kom as jy nie wil nie hoor nie! Jy is gewaarsku!

2 Thess. 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

2 Thess. 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,

2 Thess. 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen

2 Thess. 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.

2 Thess. 2:11 En **daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur**, om die leuen te glo,

2 Thess. 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.

Party dra eers later die vrug van hul sondes, wat sal jy aan die einde daarvan doen!

1 Tim 5:24 Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit tot die oordeel, maar volg ander eers agterna.

1 Tim 5:25 Net so is ook die goeie werke baie duidelik, en ook die wat anders is, kan nie weggesteek word nie.

Bly maar by die Gees van die waarheid!

1 Johannes 4:6 Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons **die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling**.

Isebel se tafel is dik gedek!

Openbaring 2:18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:

Openbaring 2:19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Openbaring 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Openbaring 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Openbaring 2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, **in 'n groot verdrukking**, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

Openbaring 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

Pasop vir jou bysit en wegvat!

Openbaring 22:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge **byvoeg**, dan sal God oor hom **die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is**.

Openbaring 22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie **wegneem**, dan **sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is**.

Samewerking met verkeerde mense!

In 2 Kronieke 17 ens. het Josafat wat ñ goeie ou was foute gemaak deur met Agab die koning van Israel te assosieer en het amper gesneuwel. Hy is toe aangespreek deur die profeet oor waarom hy die goddelose Agab help en het hy lief die wat die Here haat!

2 Kronieke 19:2 het die siener Jehu, die seun van Hanáni, uitgegaan hom tegemoet, en aan koning Jósafat gesê: Moet 'n mens die goddelose help, en het u lief die wat die HERE haat? Daarom kom daar nou 'n toorn op u van die HERE.

Later gaan hy wragtig weer ñ ooreenkoms met Ahasia aan net voor hy dood is! Net voor hy dood is kom ñ profeet weer na hom en sê vir hom die Here verbreek jou werk agv die bondgenootskap met Ahasia!

Laat ons maar gewaarsku wees!

2 Kronieke 20:37 Maar Eliëser, die seun van Dódawa, uit Marésa, het teen Jósafat geprofeteer en gesê: Omdat u 'n bondgenootskap met Ahásia aangegaan het, verbreek die HERE u werk. En die skepe het skipbreuk gely, sodat hulle nie in staat was om na Tarsis te vaar nie.

Let op hoe dit gekom het dat die meeste profete die koning van Israel verkeerd adviseer het! Let op die implikasies in ons huidige konteks! Daar was wel Miga, Eliëser en Jehu wat die waarheid gepraat het. Ons sit hier weer met 'n situasie dat die Gees van die Here op 'n klein hoeveelheid was maar nie op die ander nie al was hulle profete genoem! Dit lyk ook na 'n korrelasie met die gees van dwaling wat ons moet kan sien soos in 1 Johannes 4:6.

2 Kronieke 18:18 Verder sê hy: Daarom, hoor die woord van die HERE: Ek het die HERE sien sit op sy troon, terwyl al die hemelse leërskaare aan sy regter— en sy linkerhand staan.

2 Kronieke 18:19 En die HERE het gesê: Wie sal Agab, die koning van Israel, oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gílead? En die een het so gesê, en die ander weer so.

2 Kronieke 18:20 Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom: Waarmee?

2 Kronieke 18:21 En hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete. En Hy sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so.

2 Kronieke 18:22 En nou, kyk, die HERE het 'n leuengees in die mond van hierdie profete van u gegee, terwyl die HERE tog onheil oor u gespreek het.

2 Kronieke 18:23 Daarop kom Sedekía, die seun van Kenaána, nader en hy slaan Miga op die kakebeen en sê: Langs watter weg het die Gees van die HERE van my af weggegaan om met jou te spreek?

2 Kronieke 18:24 En Miga antwoord: Kyk, jy sal dit sien op dieselfde dag as jy van kamer tot kamer sal gaan om jou weg te steek.

Net een of twee notas rondom Profesie en die laaste dae!

Pasop dat jy nie mislei word nie!

Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: **Pas op dat niemand julle mislei nie**

Mat 24:36 Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.

Mat 24:37 En **net soos die dae van Noag** was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Mat 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,
Mat 24:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, **so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.**

Spesiale seën in die lees, hoor en bewaar van Openbaring!

Openbaring 1:3 **Salig is hy** wat die **woorde van die profesie lees**, en die wat dit **hoor en bewaar** wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

Die boek is oop vir die wat wil luister! Die regte kennis sal vermeerder!

Daniel 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspanseel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

Daniel 12:4 En jy, Daniël, **hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.**

Die tyd het laat geword vir die kerk! Daar is geen krag van die Gees nie (Dunamis) omdat daar so vër van die Woord van God af beweeg is! Daar moet heeltyd met allerhande truiks van die wêreld manifestasie en kaste tekens gefabriseer word! Verhewe stemtoon en atmosfeer moet geskep word om dan te sê die Here is daar! Getalle is kaste teken dat God daar is in stryd met soveel voorbeelde in die Skrif!

Hy is daar waar erns met Sy Woord gemaak word!

Die krag lê in die eenvoud!

Die eenvoudige verstaan en glo van die Woord van die Here, eenvoudige geloof in Hom en om dan eenvoudig net te doen wat Hy sê in afwagting van Sy kom haal van ons elkeen of met die wegraping (Harpazo) van die ware Kerk (Die Bruid). Die 5 dwase maagde gaan nêrens daai tyd nie. Hulle bly agter vir die wraak (Orge) van God as die Dag van die Here aanbreek!

En die vyeboom bot!

Eschatology >>>

We have to get oil!

Die tyd raak min, maak maar seker jou eskatologiese vertrekpunte is korrek!

<http://lifestylec.com/eskatologie-eschatology/>

[Eskatologie / Eschatology](#)

We have to have discernment when talking about Eschatology withstanding the apostasy in the contemporary church that The Word of God warns would precede the return of Jesus.

With the Conviction that

<http://lifestylec.com/eskatologie-daniel-se-70ste-week-tydlyn/>